21 Augustus 2020

NG Gemeente Stellastraat

B L I T S N U U S

Kobus Potgieter het diep spore getrap – *geskryf deur Anton*

Die wêreld word grotendeels gevorm deur mense wat bo die gewone uitstyg. Persone wat dit regkry om ander mense saam met hulle op hulle pad van denke en doen te neem. Natuurlike leiers.

Ds Kobus Potgieter was so 'n mens. Ek het hom laat in my lewe eers behoorlik as mens leer ken. Toe hy en Tannie Mercia op hulle oudag weer lidmate van hulle ou gemeente, Suidoos-Pretoria, geword het. Nie almal het altyd met ds Kobus se oortuigings saamgestem nie, maar hy sou niemand daaroor kwalik neem nie. Hy was ongelooflik beginselvas, hy het dit wat hy geglo het met hoflikheid en respek teenoor ander gekommunikeer, en hy was uiters lojaal. Hy het nooit sy liefde en lojaliteit vir sy kerk verloor nie.

Dit is daarom te verstane hoekom soveel mense van oor die hele wêreld vir hom respek gehad het. Letterlik 'n man uit een stuk! Dit is Stellastraat se voorreg dat daar Maandag 'n gedenkdiens vir hom in ons kerkgebou gehou word. Kobus Potgieter het diep spore getrap.

Sondag 23 Augustus se geleenthede

Stellastraat gaan live!

Sondagoggend begin ons weer **erediens** hou in die kerk! In die lig van die dalende infeksiesyfers meen ons is dit verantwoordelik om weer met die erediens te begin. Dit beteken nie dat ons die bedreiging nie meer ernstig neem nie. Daar sal steeds net 50 mense kan bywoon en al die bekende voorsorgmaatreëls sal in plek wees. Wat die tegnologie betref toets ons ook die water. Die erediens in die kerk gaan regstreeks uitgesaai (*streaming*) word. Dit sal moontlik wees om op YouTube die diens te volg. Terselfdertyd sal die diens opgeneem word en later die Sondag op YouTube beskikbaar wees op die volgende kanaal - **www.youtube.com/c/stellastraatlive** Ons sien uit na hierdie eerste versigtige tree!

Die tema by die **Kleuterkerk** en die **Junior jeuggroepe** (laerskool jongmense) gaan oor Eliëser (Abraham se slaaf) wat vir Isak 'n vrou moes gaan soek (Gen 24:42-48). Amper soos vandag se "Boer soek 'n vrou". Die Kleuterkerk video handel ook hieroor en hier is die skakel - **https://youtu.be/o_Pia0KQ8Kc**

Die **Tuis-Adoramus** van Sondag is deur Willem voorberei en die teks is uit Romeine 1-11 met die tema *"Goeie keuses".* Ons lees die eerste twee verse van die deel van Romeine wat oor die praktiese lewe handel. Heel verstaanbaar begin Paulus by die vraag: Wat is nodig sodat ons van dag tot dag goeie keuses kan maak? Hier is die skakel as jy daaraan wil deelneem - **http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-23-Augustus.pdf**

Soekligaand Sondag 18:00 Openbaring – **'n Toe boek of oop deure?** Dr Coenie Burger bespreek die betekenis van die boek Openbaring vir die kerk. Almal is welkom! Indien jy sukkel met die tegnologie of daaroor onseker is kan jy met vrymoedigheid vir James skakel (082 852 7947). Hy sal graag help.
Hier is die skakel - **https://us02web.zoom.us/j/87330720697** *Meeting ID: 873 3072 0697.*

Huisgeloof en Jeuggroepe

Abraham se slaaf kry die opdrag om vir Isak (Abraham se seun) 'n vrou te gaan soek. Daar in die vreemde moet hy 'n keuse maak. Hoe weet hy om die regte vrou te kies? Dit is die tema van die **junior jeuggroepe** en die Kleuterkerk (Gen 24:42-48). "Leef waardevol" is die reeks waarmee die **senior jeuggroepe** besig is. Wat beteken dit om met waardes te lewe? Hierdie week word die "ringvinger" gebruik om ons aan die waarde van ***"Lojaliteit"*** te herinner. Die voorbeeld van Dawid en Jonatan se vriendskap gaan bespreek word (1 Sam 20).

Huisgeloofvraag

- Gesels as gesin oor:
  Abraham se slaaf bid dat die Here hom help om vir Isak die regte vrou te kies? Watter rol speel gebed in die maak van keuses? Het jy al verkeerde keuses gemaak?

Jeuggroepe

- Moedig asseblief die jongmense aan om by die jeuggroepe in te skakel of om die Gespreksblad deur te lees. As jy meer wil weet, kontak asseblief vir Tienie (083 627 5086).

Uitreik

Dit is meer as Drive Thru!

Dankie dat jy jou medegelowiges ondersteun!

Jy staan reeds in die tou met jou motor! Daar is net drie dae oor om bestellings te plaas! Wil jy dit nie asseblief oorweeg om dié projek te ondersteun nie. Die persone wat die kos voorberei vir ons Drive Thru-projek is ons eie mense wat in die grendeltyd nie met hulle besighede kon aangaan soos normaal nie. Dit is ons voorreg om hulle te ondersteun! Dankie dat jy daar is vir jou medegeleowige en medemens!

Hoe werk dit?

1. Laai die **FoodBooking app** af óf kliek op die *'Start order'* knoppie bo-aan die gemeente se **Facebookblad**. Jy kan ook jou bestelling op Stellastraat se **webblad** plaas op die Tuisblad.
2. Plaas jou bestelling tussen 08:00 - 16:00 en betaal.
3. Laai jou lekkernye by die gemeente op tussen 16:00 en 19:00 op 28 Augustus. Jy hoef nie eers uit jou motor te klim nie - ons gee jou pakkie sommer vir jou deur jou motorvenster.

Bestellings kan nog tot Sondag (23 Augustus) 16:00 geplaas word op die **app, Facebookblad** of **Stellastraat webblad**. Indien jy met 'n EFT betaal gebruik asseblief KOSMARK + jou van as verwysing.

25 kratte opvoedkundige speelgoed

Een van die beste maniere waarop ons kan help om ons land op te bou, is deur te help dat daar 'n stewige grondslag gelê word in die opvoeding van kinders uit arm gemeenskappe. Dit is waarom daar vandeesweek by Stellastraat 25 kratte met opvoedkundige speelgoed gepak is vir gebruik deur kleuterskole wat deur die middestadbediening Pen ondersteun word.

Die geld hiervoor is geskenk deur Amerikaanse kerklike kontakte van prof Malan Nel en sy vrou Marlèse. Marlèse, wat jare lank 'n winkel gehad het wat opvoedkundige speelgoed verkoop het, het besluit wat aangekoop moet word en dit bestel. Die speelgoed is afgelewer en in kratte gepak.

Volgende week gaan Marlèse die mense aan die stuur van Pen se kleuterskoolforum oplei om dié speelgoed te benut om sleutelvaardighede by voorskoolse kinders te ontwikkel.

Baie van die kleuterskole in Pen se kleuterskoolforum het begin waar laag geskoolde werklose vroue in hul woonstelle in die middestad bloot bedags die kinders opgepas het van ander mense wat moes gaan werk. Pen het by hulle betrokke geraak en hulle begin oplei om die kinders bedags nie net op te pas nie, maar te help ontwikkel. Die juffrouens word weekliks gehelp om lesplanne vir die volgende week te ontwikkel.

Pen het 'n speelgoedbiblioteek waar die kleuterskole hulpmiddels kan uitneem wat hulle kan gebruik. Die speelgoed wat via Stellastraat aan Pen geskenk word, sal deel van dié speelgoedbiblioteek vorm.

1 September op die winkelrakke



Orrelkonsert van die week

Hierdie week word daar orrelkonsert gehou by ***Gereformeerde kerk Mooifontein.*** Ons besoek hierdie week nog 'n orrel wat gebou is deur Jan Roeleveld.

Die orrel is omtrent 10 jaar terug gevandaliseer toe daar by die kerk ingebreek is. Die skade was soveel so dat die herstelwerk meer gekos het as die installasie van die oorspronklike orrel.

Gaan loer gerus op die You Tube kanaal van die **Organ Buddies**. Die skakel is -

https://www.youtube.com/channel/UC1YpLKCtcZUOgrGu0iQfedg

Meegevoel & Ongesteld

Ds Kobus Potgieter, oud-leraar van Stellastraat is die afgelope week oorlede. 'n Gedenkdiens word Maandag 24 Augustus, 11:00 in die kerkgebou vir hom gehou.
Nico Visser se moeder, Tannie Joey, is ook die afgelope week oorlede. 'n Ter aarde bestelling word Dinsdag 25 Augustus in Pretoria-Oos begrafplaas gedoen.
Ons dink graag aan **Maricus le Grange** se Tannie van Vanderbijlpark wat skielik oorlede is in 'n fratsongeluk.
Neels Campher wat in die week geopereer word.
Carel-Chris Swanepoel wat Donderdag ingaan vir 'n operasie om 'n cyst van sy brein te verwyder.

Verjaarsdae 23 - 29 Augustus

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

Sondag 23 Augustus:
Markus Colyn, Ilse Greeff, Adelhart Krüger, Clara Lötter, Wim Slabbert, Lynette Stellaard, Lets Strauss, Liesl van Biljon, Nita Vorster.

Maandag 24 Augustus:
Bertus Boshoff, Rucardt Brits, Marietjie Combrink, Michael du Toit, Zak Lombaard, Jorandi Scholtz, Schalk Theron, Cara van der Merwe.

Dinsdag 25 Augustus:
Adriaan Breed, Jako Breytenbach, Wilmien Engelbrecht, Danie Jacobs, Cas Labuschagne, Izak Loots, Chris Maas, Gerhard Prinsloo, Hannaline Roux, Gustie van der Vyver, Celesté van der Watt, Sybrand van Niekerk.

Woensdag 26 Augustus:
Ethan Bloem, Mignon Hough, Olaf Larson, Johan Minnaar (Snr), Heinz Neethling, Vaughn Oosthuizen, Amélie van Eeden, Luan van Schalkwyk.

Donderdag 27 Augustus:
Stefan Colyn, Delara Crouse, Quade Esbach, Awie Klopper, Sandy Rheeder, Pieter Scholtz, Percy van Staden.

Vrydag 28 Augustus:
Werner Barnard, Apie de Jager, Riel de la Bat, Ina Jansen, Marina Kotzé, Riaan Meyer, Alet Mostert.

Saterdag 29 Augustus:
Lourie Bosman, Tanja Delport, Julian Dreyer, Mia George, Hannelie Gerdener, Faan Grundlingh, Kobus Kotzé, Lizelle Larson, Johan le Roux, Dieter Matzner, Werner Pansegrouw, Magdalena Potgieter, Christiaan Sevenster.

NG Gemeente Stellastraat

Stellastraat 158
Waterkloof
0181
Tel: 012 460 8570
Faks: 086 480 7844
Epos: info@stellastraat.co.za
Bankbesonderhede:
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005

www.stellastraat.co.za